NOTULE VAN DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE KONVENT VAN KAAPLAND WAT GEHOU IS TE HAWEKWA, WELLINGTON, OP 24 EN 25 JULIE 2001

1. OPENING EN KONSTITUERING

1.1 Opening

Ds James Buys open die vergadering met Skriflesing uit Eseg 37 en deel gedagtes daaruit met die vergadering. Nadat dr Coenie Burger en prof Piet Naudé ook elkeen ‘n paar Inleidende opmerkings gemaak het, word in groepe saamgebid en gaan prof Piet Naudé die vergadering voor in gebed.

1.2 Taal

Daar word besluit dat alles wat in die vergadering gesê word ook in Xhosa getolk sal word.

1.3 Konstituering

Die veranderings tov die afvaardigings van die verskillende sinodes word deur die skribas gestel en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Alle veranderings sal in die notule gereflekteer word. [Die volledige lys van afgevaardigdes teenwoordig word as bylae 1 aangeheg.]

1.4 Afhandeling van die agenda

Ds James Buys stel die volgende voor:

1.4.1 Die dokument in die agenda, “The road of unity in the family of Dutch Reformed Churches” is foutief en word vervang met ‘n nuwe dokument wat aan die vergadering uitgedeel word. [Aangeheg as bylae 2]

1.4.2 Besluite op die vergadering sal so ver moontlik by wyse van konsensus geneem word. Die status van alle besluite is dat dit aanbevelings is aan die onderskeie streeksinodes van die kerke.

1.4.3 Die drie Moderature dien as tydelike kommissie met die oog op die formulering van voorstelle aan die vergadering.

1.4.4 Die drie moderators sal die voorsitterskap van die vergadering roteer.

2. GROEPSGESPREK

Die eerste ronde groepsgesprekke word gevoer aan die hand van die volgende vrae:

* Wat is jou drome en verwagtings van die vergadering?
* Wat is die belangrikste taak van die kerk in die huidige konteks?
* Hoe kan die Konvent hierin ‘n bydrae lewer?

3. REGLEMENT VAN DIE KONVENT

Ds James Buys lei die bespreking hieroor. Hy verduidelik dat die basis van die Reglement reeds deur die onderskeie Sinodale Kommissies/Moderamens van die kerke goedgekeur is. Die gedeeltes wat onderstreep is, is wysigings wat deur van die Sinodale Kommissies/Moderamens voorgestel word en wat voor die vergadering dien. Ook hierdie wysigings, indien dit so aanvaar word, moet deur die betrokke Sinodale Kommissies/Moderamens bekragtig word.

Ds Koosie Delport en Ds Peter Grove stel die wysigings aan die vergadering.

Pt 1.1 **Goedgekeur**
Pt 2.2 **Goedgekeur**
Pt 2.4 **Goedgekeur**
Pt 2.5 **Goedgekeur**
Pt 4.1 **Goedgekeur**
Pt 5.3 **Goedgekeur** met die volgende byvoeging: ..”en deur die vergadering goedgekeur.”
Pt 7.1 tot 7.4 - **Goedgekeur**

Verskeie addisionele voorstelle, wat wysigings van die Reglement impliseer, word gedoen en word na ‘n tydelike kommissie, bestaande uit twee lede van elke sinode, verwys.

4. VERKLARING VAN VOORNEME

Dr Coenie Burger stel dit as ‘n moontlikheid dat die vergadering die verklaring kan onderskryf as verklaring van die Konvent self. Met die oog daarop word kortliks in die kleingroepe daaroor gesels. Uit die gesprek is dit duidelik dat die moontlikheid van so ‘n onderskrywing minstens oorweeg moet word. Die reëling word getref dat konkrete voorstelle vir wysigings/byvoegings ingehandig moet word en dat dit deur ‘n kleiner kommissie oorweeg sal word met die oog op ‘n moontlike konkrete voorstel voor die einde van die vergadering.

5. KONFESSIONELE BASIS VAN ‘n VERENIGDE KERK

Prof Piet Naudé lei die gesprek in aan die hand van ‘n dokument, “Belydenisgrondslag en ‘n nuwe kerkverband.” wat aan die vergadering uitgedeel word. [Aangeheg as bylae 3]

Hy doen die volgende konkrete suggestie oor hoe die proses vorentoe hanteer kan word:

1. dat die Konvent van Kaapland die drie oud-kerklike simbole, Die Drie Formuliere van Enigheid en die Belharbelydenis as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid neem;
2. dat die Konvent aanbeveel dat die Belharbelydenis ingesluit word in die belydenisgrondslag van ‘n groter verenigende kerk op ‘n wyse wat die eenwordingsproses sal dien;
3. dat ‘n proses intussen op gang kom wat onder andere die volgende insluit:

3.1 ‘n gesamentlike uitleg van die Belharbelydenis met ‘n gesamentlike erkenning dat die ware Christelike geloof daarin vervat is en wat uiteindelik tot gesamentlike belydenis aanleiding kan gee;
3.2 ‘n hernieude gesprek oor die status van Belhar as belydenis by die eersvolgende streeksinodes van die NGK in Wes- en Suid-Kaapland en die NGK in Oos-Kaapland in die lig van die Konvent en opvolggesprekke;
3.3 opdrag aan ‘n verteenwoordigende groep om ‘n sinopsis van ons geloof uit al die bestaande belydenisse te maak, en te ondersoek of ‘n verdere geloofsverklaring nodig en sinvol sal wees.

Ds James Buys lewer vervolgens ‘n inset in hierdie verband. Hy gee kortliks sy mening oor die belangrike waarde van ‘n belydenisskrif vir ‘n kerk en oor die redes waarom die Belydenis van Belhar ‘n struikelblok geword het in die strewe na eenwording. Hy gee ook bepaalde perspektiewe oor die pad vorentoe.

Daarna word die saak in groepe bespreek en word deur die groepe terugvoer gegee. Daar word ook aan lede van die vergadering geleentheid gegee om aan die gesprek

deel te neem.

Ds James Buys en prof Piet Naudé reageer kortliks op die bespreking en daar word besluit dat ‘n kleiner komitee prof Naudé se voorlopige voorstel sal verwerk in ‘n voorstel wat die besluit van die vergadering kan word.

6. **DIE STRUKTURELE ASPEKTE VAN KERKVERENIGING**
Ds Johnnie Hartney en Dr Coenie Burger lei die gesprek in deur enkele perspektiewe en moontlikhede in hierdie verband uit te lig. Daarna word in die groepe verder daaroor gesels. Daar word besluit dat die groepe Woensdag kortliks sal terugrapporteer.

7. AFSLUITING: GROEPSGESPREK
Die vergadering sluit die dag se byeenkoms in groepe af. Die groepe deel met mekaar oor die vrae: Wat het ons vandag gehoor ? Wat maak ons daarmee en watter lesse leer ons daaruit?
[‘n Samevatting van al die groepsgesprekke word as bylae 4 aangeheg]

WOENSDAG 25 JULIE 2001

1. OPENING
Na ‘n tyd van samesang word in die groepe geopen. Groepe deel met mekaar oor ‘n gedagte of beeld wat die Here op hulle harte lê oor die saak van kerkeenheid. Groepe word gevra om dit dan te probeer uitbeeld dmv klei of ander mediums.

2. BELYDENISGRONDSLAG
Prof Piet Naudé stel die volgende voorstel soos dit deur die kleiner kommissie geformuleer is:

1. dat die Konvent van Kaapland die drie oud-kerklike ekumenies simbole, die Drie Formuliere van Enigheid en die Belharbelydenis as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid neem;
2. dat die konvent aanbeveel dat die Belharbelydenis ingesluit word in die belydenisgrondslag van ‘n groter verenigende kerk op ‘n wyse wat die eenwordingsproses dien;
3. dat ‘n proses intussen op gang om wat onder andere die volgende insluit:

3.1 dat die UK van die Konvent inisiatief neem in die daarstelling van ‘n gesamentlike en eietydse uitleg van die Belharbelydenis. Dit geskied met die oog op ‘n gesamentlike erkenning dat die ware Christelike geloof daarin vervat is, wat uiteindelik tot ‘n gesamentlike belydenis daarvan aanleiding kan gee.

3.2 dat die eersvolgende streeksinodes van die NGK in Wes- en Suid-Kaap en die NGK in Oos-Kaapland versoek word om hulleself as sinodes volledig te vereenselwig met punte 1 en 2 hierbo.

Goedgekeur

Op versoek van lede in die vergadering word ‘n nuwe moontlike punt vier voorgestel wat as volg lui: “Die Konvent aanvaar die moontlikheid dat in die lig van nuwe geloofsuitdagings ‘n nuwe Verenigde Kerk tot verdere geloofsuitdrukking sou kon kom.”

Na ‘n kort bespreking besluit die vergadering om dit nie by te voeg nie.

3. STRUKTURELE ASPEKTE VAN EENWORDING
Daar word kortliks deur die groepe rapport gegee oor die vorige dag se gesprek hieroor. Daarna plaas ds Johnnie Hartney en dr Coenie Burger die volgende voorstel op die tafel:

3.1 Die Konvent spreek die oortuiging uit dat, terwyl vrae rondom die struktuur van ‘n nuwe kerkverband baie belangrik is, dit tog vrae is wat eers ter tafel kom nadat uitsluitsel gekry is oor eerste orde vrae soos wie ons is, wat ons glo en hoe ons ons taak verstaan.
Goedgekeur

3.2 Terwyl daar ‘n basiese kerkverband-struktuur van Gemeente-Ring-Sinode in die gereformeerde tradisie geld, glo ons dat soepelheid en kreatiwiteit in die uitwerking daarvan ook deel is van ons tradisie.

Amendement: Voeg by: Die uiteindelike struktuur moet egter van so ‘n aard wees dat onversoende sosiale strukture nie bevestig sal word nie, maar daardeur geheel sal word.
Voorsteller: Peter Grove
Sekondant: Francois Wessels
Goedgekeur soos geamendeer

3.3 Die Konvent vra dat ‘n studiekommissie deur die UK aangewys word om te kyk na verskillende moontlikhede met die oog op ‘n toepaslike struktuur vir die kerkverband.

Amendement: Voeg by “asook vir strukture vir die oorgangstyd.”
Voorsteller: Christo Alheit
Sekondant: Ben du Toit
Goedgekeur

4. GEMEENREGTELIKE ASPEKTE VAN KERKVERENIGING

Ds James Buys en mnr George van Niekerk maak kort opmerkings oor die noodsaaklikheid daarvan dat in die proses van kerkvereniging gelet word op die kerkordelike sowel as op die gemeenregtelike vereistes vir kerkvereniging. Dit is belangrik in die lig van die hofsake wat die verenigingsproses van die VGK tot gevolg gehad het.

Die volgende voorstel dien voor die vergadering: “Die vergadering keur dit goed dat die UK versoek word om aandag te gee aan die kerkordelike en gemeenregtelike vereistes vir kerkhereniging met inagneming van die sake wat deur mnr George van Niekerk aan die vergadering voorgehou is.”
Goedgekeur

5. PLAASLIKE MOONTLIKHEDE VAN SAMEWERKING

Dr Danie Nel en ds James Buys vertel hoedat die Konvent tussen die NGK en VGK gemeentes van Wynberg tot stand gekom het en watter moontlikhede tot nouer belewing van eenheid daar op plaaslike vlak is wat ontgin kan word. Gemeentes en Ringe word aangemoedig om soortgelyke inisiatiewe op plaaslike vlak te ontgin.

6. REGLEMENT

Ds Koosie Delport stel die verslag van die kleiner kommissie wat na die addisionele voorstelle vir die wysiging van die Reglement gekyk het.

Voorstel 1: Naam van die Konvent
Aanbeveling: Vervang die opskrif van die Reglement na “Konvent van Eenheid.”
Goedgekeur

Voorstel 2: Dat die woord *eenwordingsproses* in die reglement vervang word met *herenigingsproses*.
Aanbeveling: Handhaaf *eenwordingsproses*

Goedgekeur

Voorstel 3: Punt 2.2 Aantal afgevaardigdes per Ring
Aanbeveling: Die Konvent word saamgestel uit die moderature van die deelnemende sinodes plus vier lede soos aangewys deur die Sinodale Kommissies van die VGK, een leraar en *twee kerkraadslede waarvan minstens een 'n vrou moet wees* uit elke ring van die NGK sinodes en twee leraars en twee kerkraadslede *waarvan minstens een 'n vrou moet wees* uit elke ring van die VGK sinode. 'n Kerk [sinode] sou ook 'n kleiner afvaardiging kon aanwys. Ringe moet ernstig oorweeg om ook [skrap *vroue en*] jongmense af te vaardig.
Goedgekeur

Amendement uit die vergadering gestel: dat die woord "verkieslik" ingevoeg word voor "'n vrou".
Nie goedgekeur nie

Voorstel 4: Punt 2.5
Voorstel: Ander Kerke buite die familie van NG Kerke kan ook genooi word.
Aanbeveling: Handhaaf bestaande bewoording wat uitnodiging tot die familie van kerke beperk.
Goedgekeur

Voorstel 5: Punt 4.1
Voorstel: Dat die Konvent sy eie UK aanwys.
Aanbeveling: Handhaaf die huidige samestelling van die UK.
Goedgekeur

Revisie
Die Kommissie vra revisie oor 2.4 soos gister besluit is, nl dat sinodale afgevaardigdes slegs adviserend teenwoordig is. Die vergadering staan revisie toe. Die kommissie stel vervolgens voor dat die woord "adviserend" geskrap word.
Goedgekeur

7. VERKLARING VAN VOORNEME

Prof Russel Botman stel die Verklaring soos dit deur 'n kleiner kommissie herbewoord is in die lig van baie voorstelle wat uit die groepe gekom het. Die Verklaring van Voorneme in sy nuwe formulering word met enkele taalkundige wysigings goedgekeur as die verklaring van die Konvent [Dit word aangeheg as bylae 5].

8. AFSLUITING

Die vergadering word afgesluit met 'n kort liturgie. As deel daarvan deel die onderskeie groepe hulle simbole met mekaar.

Voorsitter: ……

Skriba: ……

Datum: ……